Victor 0. Charlie 9, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Charlie 9 staan by. Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, majoor, kaptein Barkhuizen sê dit is absoluut dringend. Majoor moet nou met haar in verbinding tree. Generaal Burger het blykbaar 'n string goed wat hy van u wil weet, majoor. Hoe vinnig sal majoor met haar in verbinding kan tree?

TWEEDE PERSOON: Roger. Dit ... (onhoorbaar). Hierdie hostelle het nie telefone nie. Al die mense is binne besig met 'n operasie. Ons sal nie hiervandaan af kan wegkom alvorens die operasie ... (onhoorbaar), dit sal nog ten minste twee ure neem, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, majoor, sy is regtig baie "tense" daarop dat u haar dadelik moet skakel, maar ek gaan probeer om net vir haar die situasie eers so te verduidelik, majoor.

TWEEDE PERSOON: Roger. Die mense hierso is ook nie met hulle eie voertuie, ons is nie hier met ons eie voertuie nie, so derhalwe maak ons staat op hulle voertuie. So ons sit 'n bietjie met 'n klein probleempie, ons kan nie maklik by 'n telefoon uitkom nie, oor.

EERSTE PERSOON: Ek gaan dit so aan haar verduidelik, majoor.

---oOo---

(Kanaal 1)

17:36 SERSANT O'REILLY: Kaptein, die majoor sê hulle sal nie ... (onhoorbaar) kan uitkom nie.

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja?

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja?

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Hy is by die ... (onhoorbaar) van die hostel en ... (tussenbei)

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja, hulle is. Kaptein Opperman het aan ons rapporteer dat die media het vooraf, blykbaar toe hulle vir die polisiemanne opdrag gee, toe neem die, wat hulle nou alles ... (onhoorbaar), toe neem die video ... (onhoorbaar) nou alles af en ... (onhoorbaar) en alles. Toe sê hulle vir hulle hulle mag nie teenwoordig wees tydens die deursoeking nie. Toe sê hulle hulle gee vir hulle vyf minute om uitmekaar te gaan. Na vyf minute toe wil hulle nog nie uitmekaar gaan nie. Toe maak hulle nou die mense al hoe meer oproerig. Toe het ons nou mooi met hulle gepraat en alles. Toe gaan hulle nou uiteen. Nie uiteen nie, hulle het net 800 meter teruggeskuif en toe het die situasie nou bietjie kalmer geraak ... (onhoorbaar)

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Dit is reg. Kaptein, sien, die ding is, hulle is ... (onhoorbaar) met Casspirs in. Lyk my hy sal nie ... (onhoorbaar) saam met ander mense gery en dit is absoluut onmoontlik om vir kaptein te skakel. Hy sal so gou as moontlik ... (onhoorbaar)

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Kaptein, hulle onderhandel nou met 'n groep van so tussen 200 Zoeloes. Ek praat nou onder korreksie. Dit is wat ek deurgekry het. Om hulle wapens af te neem, want hulle het tradisionele wapens. Op hierdie stadium wil hulle dit nog nie afgee nie. Die generaal het gesê as hulle dit nie gaan afgee met onderhandeling nie dan gaan hulle 'n kordon om hulle trek en dit met geweld afneem. Op hierdie stadium onderhandel hulle nou nog met hulle. Okay? So wat die

deursoeking /...

deursoeking, weet ek nie. Hy sal dit self vir kaptein deurgee wat hulle ... (onhoorbaar)

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Okay.

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Okay, kaptein.

KAPTEIN BARKHUIZEN: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ek maak so, kaptein. Tot siens, kaptein.

---oOo---

(Kanaal 2)

17:35 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Juliet 1.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Toe ons is hier van hierdie "necklace" af beweeg hier in Sebestraat, dit is nou rigting Boipatong, toe ons in Sebestraat afbeweeg het, het hulle petrolbomme na die Casspir gegooi. Kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Gaan voort, 'sant.

EERSTE PERSOON: Ja, konstabels Mills, konstabel Mills vuur met haelgeweernommer ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ja, 01490, oor, 01490, een rondte nommer 5, oor. Die petrolbom het egter nie die voertuig getref nie.

TWEEDE PERSOON: Roger, so ontvang. 'Sant, kan 'sant dalk vir my uitgaan Sharpeville, daar, as jy van Pick 'n Pay se kant af ingaan en jy gaan in daardie straat links, daar is besig persone om 'n persoon te "necklace".

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Ons is nou in Sebokeng, oor. Ons het daardie persoon van PTAK by ons. Ons ry maar so van plek tot plek dat hy moet foto's afneem. Ons is op pad daar na huis 1062 toe, oor. Ons is op pad soontoe.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) baie dankie, 'sant.

---oOo---

17:37 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel.

EERSTE PERSOON: Ja, hierdie lyk wat by 1062 gelê het, oor, ons het hier afgekom op 'n Ford-bakkie wat hulle gebruik om hom te sleep mee, oor. Hulle het hom gesleep ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, okay. Net vir my weer herhaal, jy het uitgesny.

EERSTE PERSOON: Daardie lyk wat hierso by 1062 gelê het, oor, het hulle gesleep met 'n voertuig van daardie plek af, oor. Hulle het 'n tou aan sy voet vasgebind en hulle ... (onhoorbaar). Ons het die voertuig hier gekry. Hy ... (onhoorbaar) die toneel afgevat hierso ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Roger, so ontvang.

---oOo---

(Kanaal 2)

17:37 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) daardie voertuig waar ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, stuur.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

17:38 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, Kilo Echo 12. Wie is daardie persone wat na ons soek?

TWEEDE PERSOON: Ek dra nie kennis nie.

EERSTE PERSOON: So ontvang.

---oOo---

(Kanaal 2)

17:38 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 5 Hotel. Kilo Echo 12, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Hoe ver s jy ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, ek ontvang jou omtrent glad nie. Jou boodskap kom baie swak deur.

---oOo---

17:38 EERSTE PERSOON: Ja, 5 Hotel, 5 Juliet 1. 5 Hotel, 5 Juliet 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Cloete, hierdie man beweeg saam met ons in hierdie voertuig van ons. Ons ry hier by Sebokeng "hostels" op pad Sharpeville toe, oor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) hierdie lyk kom ... (onhoorbaar) op die pad. Hulle sal hom net 'n ent verder daar van die pad kry, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, dit is bevestigend, bevestigend. Ons is sterk op pad soontoe, oor.

---oOo---

17:39 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Staan net vir my 'n oomblik by asseblief. Stuur, 9 Charlie. 9 Charlie, Victor 0.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Ek wil net weet, het jy al die lykswa gekontak?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is bevestigend, oor. Hy probeer net 'n ligging kry presies van die ding.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Dit is by die biersaal, oor. Hy moet net in daardie pad afkom, hy is by die biersaal.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek het dit so verduidelik.

EERSTE PERSOON: Roger, dankie.

---oOo---

(Kanaal 1, telefoon lui)

17:40 KST. LOTTER: ABS, konstabel Lotter, goeie naand.

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Konstabel Lotter, dit is ... (onhoorbaar).

KST. LOTTER: Goeie naand ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hoor ... (onhoorbaar), ek het hierso ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: 'Sant, kan 'sant net bietjie herhaal en harder praat? Hierdie praat en kan ek glad nie hoor nie, 'sant.

EERSTE PERSOON: Is julle besig?

KST. LOTTER: Ons is verskriklik besig, 'sant.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Ja, 'sant?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Ja, 'sant.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Ekskuus tog?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Ja, 'sant?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) sagtebakvoertuig.

KST. LOTTER: Ja, 'sant?

EERSTE PERSOON: Wil jy net 'n Casspir ... (onhoorbaar) hostel?

KST. LOTTER: Ja, 'sant, dit is, dit gaan bietjie moeilik hierso, 'sant. Al ons voertuie, en ons het nie eintlik baie nie, is almal in die swart gebiede besig met klagtes en ... (tussenbei)

EERSTE PERSOON: Is dit?

17:41 KST. LOTTER: Ja, 'sant. As hulle nie dalk net so 'n rukkie kan wag nie, dan kan ek 'sant weer kontak?

EERSTE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Dan kan ek, kan ek vir 'sant sê of een van my voertuie dalk net bietjie, kan ... (tussenbei)

EERSTE PERSOON: Enige ... (onhoorbaar) voertuig. Hierdie

Ninjas /...

Ninjas van julle. Wat julle noem julle dit?

KST. LOTTER: Nyalas, 'sant.

EERSTE PERSOON: Nyalas?

KST. LOTTER: Ja, 'sant.

EERSTE PERSOON: Enige so iets wat ... (onhoorbaar)

KST. LOTTER: Ek sal so maak, 'sant.

EERSTE PERSOON: Dankie, hoor.

KST. LOTTER: Okay, 'sant.

EERSTE PERSOON: Okay, bye.

KST. LOTTER: Tot siens, 'sant.

---oOo---

(Kanaal 2)

17:40 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel. ... (onhoorbaar), Juliet 1, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: 5 Juliet 1. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

17:41 EERSTE PERSOON: 5 Delta, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Delta, gaan.

EERSTE PERSOON: Ja, kaptein, kolonel Williams vra net kolonel Stompie moet gou-gou daardie memorandum terugbring hier na die eenheid toe.

TWEEDE PERSOON: Ek gaan gou reël.

EERSTE PERSOON: Ja, kolonel sê nee, nie nou dadelik nie, eers as hy inkom.

TWEEDE PERSOON: Okay, ons maak so.

---oOo---

17:41 EERSTE PERSOON: Charlie, 9 Charlie, majoor Herholdt, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Charlie 9 staan by. Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, majoor, ek het nou met die kaptein gepraat. Toe vra sy of kaptein kennis dra van media probleem sowel as die deursoeking. Toe vertel ek haar kortliks wat was die media probleem dat hulle die mense oproerig gemaak het en dat hulle die opdragte en goed afgeneem het en dat julle hulle toe gesê het julle gee hulle vyf minute om uiteen te gaan, dat hulle na vyf minute 800 treë teruggestaan het, 800 meter, en dat dit bietjie beter gaan. Ek het vir haar gesê julle is besig met die deursoeking. Ek weet nie wat daar aangaan nie, majoor sal dit persoonlik vir haar deurgee en ek het vir haar gesê van die storie dat julle onderhandel met die wapens. Toe sê sy ek moet haar net laat weet as julle die tradisionele wapens met geweld gaan afvat. Verder kan majoor haar dan nou maar skakel as majoor uitkom.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar) 5 hotel.

17:42 TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) telefone het nie. Baie, baie dankie, oor.

EERSTE PERSOON: In die haak, majoor. Stuur 5 Hotel.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar) voertuig navraag.

EERSTE PERSOON: Ja, gaan voort.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, sê net weer.

DERDE PERSOON: FSV931T.

EERSTE PERSOON: OSV931T?

DERDE PERSOON: FSV.

EERSTE PERSOON: Ek wou sê. Okay, staan vir my by.

DERDE PERSOON: Dit is die voertuig wat daardie lyk, hulle gebruik om die lyk ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, hoor hier, ons het hierdie voertuig al vroeër vandag gehad met ietsie. Ek onthou die registrasie,

maar /...

maar ek kan nie onthou met wat nie. Staan net bietjie by.

---oOo---

EERSTE PERSOON: 5 Golf ... (onhoorbaar) Golf.

---oOo---

(Kanaal 3)

17:43 EERSTE PERSOON: Victor 0, ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Stuur, Echo 5.

EERSTE PERSOON: Ja, hoe lyk dinge nou?

TWEEDE PERSOON: Nog maar rofferig.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

17:43 EERSTE PERSOON: Ja, daardie voertuig wat rapporteer het dat julle op nog 'n halssnoermoord afgekom het, wie is jy?

---oOo---

17:44 EERSTE PERSOON: Kaptein Roos, kaptein Roos saam met ... (onhoorbaar) eenheid 5. Dit is 6 Kilo 1 berig.

TWEEDE PERSOON: Staan by, 6 Kilo 1, ek kontak hom vir u. 5 Delta, Victor 0. 5 Delta, 5 Delta, kaptein, dit is Victor 0.

DERDE PERSOON: Okay, stuur.

TWEEDE PERSOON: Kaptein, hier is 'n 6 Kilo 1 wat op soek is na kaptein.

DERDE PERSOON: Okay, 6 Kilo 1, 5 Delta.

EERSTE PERSOON: Ja ... (onhoorbaar) kaptein, ons kom van die Oosrand. Waar wil julle ons hê?

DERDE PERSOON: Okay, 5 Delta, jy moet asseblief vir my die eenheid, by ons eenheid rapporteer asseblief.

EERSTE PERSOON: Ons maak so, kaptein. Ek is amper daar.

DERDE PERSOON: Okay, adjudant.

---oOo---

17:45 EERSTE PERSOON: 5 Golf, 5 Golf 3.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: 'Sant Bas, ek wil jou 'n groot guns vra, man. Daardie lig van jou wat agter ... (onhoorbaar), kan ons nie by ... (onhoorbaar) kry dat ons hom net hier by die kombuis kry nie, want ons kan nie 'n dooie woord sien nie, asseblief.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Nee, Roger. As ... (onhoorbaar) kan ek hom maar net leen by jou asseblief?

TWEEDE PERSOON: Ja, positief. ... (onhoorbaar) jy kan hom leen ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Roger, ek sê vir jou baie dankie, 'sant Bas.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

17:45 EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Wat sê 'sant Bas? Herhaal net weer.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, negatief, ek ontvang jou baie swak.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, positief. Ek is nog die heeltyd hier, oor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

17:46 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Golf 3.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, 5 Golf 3.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. ... (onhoorbaar) kan jy dalk moontlik vir my 5 Golf se roep, se boodskap herlei asseblief?

TWEEDE PERSOON: Staan by. 5 Golf, Victor 0.

DERDE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar) hoe ontvang jy my nou?

TWEEDE PERSOON: Nie te waffers nie, maar gaan voort.

DERDE PERSOON: Ek wil graag net hê dat ... (onhoorbaar)

sersant /...

sersant Huyser skakel, net sal sê ons sal bietjie laat wees vannaand asseblief.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ek maak so. 5 Golf 3, Victor 0.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Roger, 'sant Bas, ek sal so reël, oor.

<u>DERDE PERSOON</u>: Baie dankie JJ.

---oOo---

17:46 <u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Hotel, Victor 0.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Stuur, oor.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, hy is negatief, oor. Kom uit op 'n blou, groen of pers Ford-bakkie. Hy is nie padwaardig. Hy behoort aan Speedway Car Sales in Uniestraat, Vereeniging.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ontvang, oor. Hierdie voertuig staan hier in Sharpeville ... (onhoorbaar) ... (tussenbei)

<u>DERDE PERSOON</u>: 5 Golf, 5 Lima.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: ... (onhoorbaar)

<u>DERDE PERSOON</u>: Ja, hierdie Casspir hier voor my ... (onhoorbaar) ... (tussenbei)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: ... (onhoorbaar)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, die Golf voertuig, staan net vir my 'n sekond by asseblief. Wat sê jy van die voertuig, 'sant Cloete?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: ... (onhoorbaar)

---oOo---

17:47 <u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Hotel, Victor 0.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Stuur, oor.

<u>EERSTE PERSOON</u>: 'Sant Cloete, vertel my net weer wat is die storietjie op hierdie voertuig?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: ... (onhoorbaar) hierdie staan hierso by 'n ... (onhoorbaar)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, reg. Daar is seker niks wat ons daaromtrent kan doen nie, nè?

---oOo---

<u>EERSTE PERSOON</u> /...

17:48 EERSTE PERSOON: 5 Juliet 1, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Juliet 1. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Vertel my bietjie in watter straat het julle daardie optrede gehad?

TWEEDE PERSOON: Ja, dieselfde waar daar halssnoermoord was, oor. Sebestraat, Sebe, S-e-b-e, oor.

EERSTE PERSOON: Ek het so ontvang, baie dankie.

---oOo---

17:48 EERSTE PERSOON: Ja, Pottie, sê bietjie vir my, is julle nou op pad na Sharpeville toe vir daardie halssnoermoord of is julle nou klaar daar?

TWEEDE PERSOON: Ja, ons het daardie een vroeër vanmiddag gedoen. Toe is ons uit gebied 7 toe na daardie een daarso. Ons is terug in Sharpeville. Ek verstaan dit is huis 1062, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, wil jy nie vir my solank op jou tyd begin beweeg na Pick 'n Park, ... (onhoorbaar) toe nie? Die lykswa staan daar. Hy wil inkom saam met jou asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, ons maak so.

---oOo---

17:48 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Delta.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, 19 Delta.

EERSTE PERSOON: Ons is nou hier op pad na Pick 'n Pay. Ons sal sommer de lykswa kry dan kan ons hom begelei.

TWEEDE PERSOON: Ek het hom so, baie dankie. 5 Juliet 1, Victor 0.

DERDE PERSOON: Roger, ek het so ontvang, dankie.

TWEEDE PERSOON: Dit is 'n plesier.

---oOo---

17:49 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is Charlie 9 berig.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, majoor.

EERSTE PERSOON: Roger. Wil jy my nie net 'n guns doen nie en by Charlie 2 uitvind, by Charlie 2 uitvind wat is die laaste getal wat hulle deurgegee het na TIN toe ... (onhoorbaar) hierdie plek, oor.

TWEEDE PERSOON: Ek maak so. Charlie 2, Victor 0. 0, bedoel u nou Charlie 2 soos in die kantore?

EERSTE PERSOON: Roger, die streek ops.-kamer. Wat is die laaste syfer, die dodesyfer wat hulle deurgegee het na TIN toe asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ja, Charlie 9, bedoel u hoeveel dood en hoeveel beseer?

EERSTE PERSOON: Positief, positief.

TWEEDE PERSOON: Okay, staan vir my by.

---oOo---

17:50 EERSTE PERSOON: Ja, 5 Hotel, 5 Juliet 1. 5 Hotel, 5 Juliet 1.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, oor

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Cloete, ek soek ... (onhoorbaar), daardie halssnoermoord, oor. Is dit daardie straat as jy inkom in Sharpeville, as jy daar links opgaan, oor, is dit daardie straat?

TWEEDE PERSOON: Positief, oor, positief.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)in Shapreville. Ons is nou by julle.

TWEEDE PERSOON: Ontvang. Ons beweeg nou weer in julle rigting daarso, oor. ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Roger.

TWEEDE PERSOON: As julle daar gekom het, staan net daar vas, oor. Staan net daar vas vir ons.

---oOo---

EERSTE PERSOON /...

17:50 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Delta. Victor 0, 19 Delta.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 19 Delta.

EERSTE PERSOON: Ja, ons staan nou hier by Pick 'n Pay. Ons sien nie die lykswa nie.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger. Ek sal kontak en hoor waar is hy, oor.

EERSTE PERSOON: So ontvang.

---oOo---

17:51 EERSTE PERSOON: 19 Delta, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 19 Delta. Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, kom julle vir my eenheid toe asseblief. Hier is 'n man wat julle vir my moet begelei, dan gaan ek vir sersant Pottie mooi vra om vir jou die lykswa te begelei, oor. So kom jy vir my in hiernatoe.

TWEEDE PERSOON: Ontvang.

---oO---

EERSTE PERSOON: 5 Charlie, Victor 0. Ag, 5 Juliet 1, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, ek het so gemonitor. Ons ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Dankie, 'sant Pottie.

---oOo---

(Kanaal 1, telefoon lui)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

17:52 SERSANT O'REILLY: Haai, is René nog daar?

EERSTE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Kan ek gou met haar praat, asseblief?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Dankie.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Dankie. (Pouse) - (Gesprek in agtergrond) Wie? Nee, hy is op daardie optrede. Hy is op die optrede).

---oOo---

17:53 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Bravo. Victor 0, dit is 19 Bravo.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 19 Bravo.

EERSTE PERSOON: Julle weet nie dalk hoe ver is die fotograwe op pad hier na gebied 7 toe nie?

TWEEDE PERSOON: Staan net so bietjie by.

---oOo---

17:53 EERSTE PERSOON: 5 Juliet 1, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Juliet 1. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, hoe ver is daardie fotograaf van gebied 7 se halssnoer af?

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger. Ons het daardie een klaar gedoen. Ons het daardie een klaar gedoen, oor. Ons is terug in Sharpeville ... (onhoorbaar) 1062 toe. Hy is klaar ... (onhoorbaar) daardie lyk afgeneem, oor.

EERSTE PERSOON: Ontvang. 19 Bravo, Victor 0.

DERDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, die fotograaf sê hy het klaar daardie een afgeneem. Dankie, Annette.

DERDE PERSOON: Jammer, ons soek die lykswa.

EERSTE PERSOON: Ja, dit sal ons weer by Sebo City moet hoor. Dit klink my hulle is vertraag vanaand. Ek sal nou hoor wat is hulle storie.

---oOo---

17:54 EERSTE PERSOON: Victor, dit is Victor 0. Victor, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Ja, daardie lykswa van Sebo City, hoe ver is hy nou van daardie halssnoermoord af?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Bevestigend.

---oOo---

17:54 TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: René?

TWEEDE PERSOON: Ja?

SERSANT O'REILLY: Kaptein, ag, majoor Herholdt wil weet wat is die laaste getal wat jy deurgegee het op dood en beseer?

TWEEDE PERSOON: 36 ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: 36 dood en 10 beseer?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Hm?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Hm?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Is dood?

TWEEDE PERSOON: Ja, maar ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Hm?

17:55 TWEEDE PERSOON: Nie 11 ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Nie 11 nie? All right, 10 beseer. Hoor hier, René, hoe kry julle 36 dood?

TWEEDE PERSOON: Uhm, hou net so bietjie.

SERSANT O'REILLY: Is dit saam met die halssnoermoorde?

TWEEDE PERSOON: Ja.

SERSANT O'REILLY: Want daar is nou nog twee halssnoermoorde, hoor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) maak dit 38.

SERSANT O'REILLY: Dit is in gebied 7, Sebokeng, by die Omo

boks /...

boks. Weet jy van hom?

TWEEDE PERSOON: Nee.

SERSANT O'REILLY: Okay, dit is een halssnoermoord.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) twee halssnoermoorde?

SERSANT O'REILLY: Okay, en Sharpeville 1062.

TWEEDE PERSOON: Ja?

SERSANT O'REILLY: Is ook 'n "necklace". Okay, so dan maak dit 38 dood?

TWEEDE PERSOON: Ja. ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Nee, man, hoe kry jy nou 39? Dit is een in Sharpeville en een in Sebokeng.

TWEEDE PERSOON: O, een Sharpeville, een Sebokeng?

SERSANT O'REILLY: Ja. (Lag)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) in Sebokeng.

17:56 SERSANT O'REILLY: Nee, my skat, dit is net een ... (onhoorbaar). So dit is 38 en 10?

TWEEDE PERSOON: Ja.

SERSANT O'REILLY: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja, want ek hoor daar lê 'n helse lot in Sebokeng-hospitaal se lykshuis.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: So, ons sal maar sien, hoor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: (Lag). Okay, René. Hoor hier, het jy my gesoek vir nog ietsie? Jy het my nou-nou gesoek.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek het net tot julle berignommer ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Ja, ons is besig om hulle deur te stuur, van 11 af vir jou.

TWEEDE PERSOON: O, okay ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Okay, hoor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Goed, gaan. Bye-bye.

---oOo---

(Kanaal 2)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Cloete, waar is jy nou?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) sal nou daar by julle wees.

---oOo---

EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Indië 1.

---oOo---

17:56 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 1, dit is 5 Juliet. 5 Juliet 1, dit is 5 Juliet.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Sakkie, ons is nou hierso naby Pick 'n Pay, oor. Ons sal sommer daardie mense inbring.

TWEEDE PERSOON: Dankie ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, is dit bevestigend? Ek het nou nie ontvang wat jy sê nie.

TWEEDE PERSOON: Ja, bevestigend. Baie dankie, baie dankie.

---oOo---

17:56 EERSTE PERSOON: Alfa, Victor 0. 5 Alfa, 5 Alfa, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, kolonel, die brigadier wil net graag verneem hoe lank u nog min of meer sal weg wees.

TWEEDE PERSOON: Ja, ons is nou op pad uit, ons is op pad saam

met /...

met die laaste mense, oor.

EERSTE PERSOON: So julle is op pad in, kolonel?

TWEEDE PERSOON: Ons is op pad uit na die ingang van die "hostels", ons is op pad uit die hostel ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Dan kom kolonel in?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) tevrede is met die operasie sal ons dan terugkeer, oor.

EERSTE PERSOON: Ontvang, kolonel.

---oOo---

17:57 EERSTE PERSOON: 5 Juliet 1, 5 Juliet 5.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, gaan 'sant vir Martin oplaai?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Negatief. Herhaal vir my. Ek het 'sant baie swak ontvang.

---oOo---

17:57 EERSTE PERSOON: 5 Alfa, Charlie 4.

TWEEDE PERSOON: Ja, brigader, stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Happy, ek wil net weet wanneer jy persoonlik hierna toe kom. Kyk, ons het nou 'n klomp mense wat daar by jou reeds is. Hier is nog 'n klomp op pad, dat jy net kan kom help as ons die mense indeel, oor.

TWEEDE PERSOON: Brigadier, ek glo ek sal binne enige oomblikke ... (onhoorbaar), ons is by die ou ingang. Ons sal nou in die voertuie inklim, dan gaan ons terugkom, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, ek het dit so.

---oOo---

17:58 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is 5 Juliet. Victor 0, dit is 5 Juliet.

TWEEDE PERSOON: Victor 0. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar) doen my 'n guns. Hoor waar is die lykswa, oor. Ons wag vir hom hierso by die Pick 'n Pay kruising, oor.

TWEEDE PERSOON: Okay, staan by.

---oOo---

17:58 EERSTE PERSOON: Victor 0, 0, dit is Charlie 9 berig.

TWEEDE PERSOON: Staan by.

EERSTE PERSOON: Roger. Ek wonder, het daardie dametjie dalk vir my uitgevind hoeveel mense is toe op die ou einde hier in Boipatong dood is? Oor.

DERDE PERSOON: Ekskuus, majoor. Dit is bevestigend. Ek het net gou vir die generaal gehelp. Dit is 38 dood en 10 beseer.

EERSTE PERSOON: Roger. Dankie baie, hoor.

DERDE PERSOON: Dit is 'n plesier, majoor. Soos u weet, was daar eers 11 beseer. Die een beseerde is nou gedood, sou nou is dit weer 38 dood en 10 beseer.

EERSTE PERSOON: Roger. Baie dankie, hoor.

DERDE PERSOON: Dit is 'n plesier, majoor.

---oOo---

17:59 EERSTE PERSOON: 5 Alfa, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, 5 Alfa is op pad daar na die voertuie toe. Hy sal nou-nou weer met jy kontak maak?

EERSTE PERSOON: Dankie, kaptein.

---oOo---

17:59 EERSTE PERSOON: 5 Juliet, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Die lykswa is so drie tot vier "mikes" van Sharpeville af.

TWEEDE PERSOON: Roger, ek wag vir hom.

---oOo---

18:00 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, 5 Alfa. Stuur, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, kolonel, die brigadier wil net weet hoe lank voordat kolonel hier by ons is?

EERSTE PERSOON: Ja, sê vir Coetzee ek vertrek nou, ek vertrek nou van die hostel af.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, dankie, kolonel.

---oOo---

(Kanaal 1, oproep word gemaak)

18:00 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Sê my, ... (onhoorbaar) daardie faksmasjien van julle weer op staat asseblief.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Sit net daardie faksmasjien weer op staat want hy by beset.

EERSTE PERSOON: Ek maak so, hoor.

TWEEDE PERSOON: Dankie, hoor.

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: Bye.

---oOo---

(Kanaal 2)

18:01 EERSTE PERSOON: 19 Bravo, 19 Delta.

TWEEDE PERSOON: 19 Bravo. Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, wat is julle twee, ses nou?

TWEEDE PERSOON: Ons staan hier af in gebied 7 by Sebokeng by die lyk.

EERSTE PERSOON: Ontvang.

---oOo---

18:02 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar), Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, oor.

EERSTE PERSOON: JJ, dit is vyf borde kos, asseblief. JJ, ek

dink /...

dink jy moet dit ses maak want kolonel Schutte gaan ook nou hier wees. (Pouse) ... (onhoorbaar), Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Roger. Ek het jou so, dankie, oor.

EERSTE PERSOON: Ses, hoor.

TWEEDE PERSOON: Roger, ek het ontvang.

---oOo---

18:03 EERSTE PERSOON: 5 Golf 3, 5 Golf. Victor 0, 5 Golf.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Golf. ... (onhoorbaar) Golf.

EERSTE PERSOON: Ja, Ilse, doen my 'n gunsie. Kontak vir my 5 Golf 3, dan vra jy net of hy reggekom het met daardie guns, oor.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf 3, Victor 0. 5 Golf 3, Victor 0. 5 Golf 3, Victor 0. JJ, Victor 0. 5 Golf 3, Viictor 0. Hy is nou morsdood ... (einde van kasset)

18:05 EERSTE PERSOON: Delta, Victor 0.

---oOo---

18:06 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, dit is 5 Juliet.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

DERDE PERSOON: 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) huisnommer 1062, oor.

---oOo---

18:06 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, dit is 5 Juliet.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Is jy daar by die huis? Oor.

TWEEDE PERSOON: Positief, oor. Ons is hier by die lyk saam met julle ander Casspirs.

EERSTE PERSOON: Roger.

---oOo---

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) hierso links gaan, die eerste straat weer links, oor.

TWEEDE PERSOON: Herhaal net, oor.

EERSTE PERSOON: Draai nou links hierso in Sharpeville in, oor. Waar presies is daardie huis? Oor.

TWEEDE PERSOON: Beweeg net af met die straat, jy sal ons wel kry.

EERSTE PERSOON: Roger, ontvang.

---oOo---

18:08 EERSTE PERSOON: Kilo Echo 8, Kilo Echo 12.

TWEEDE PERSOON: Stuur, Riaan.

EERSTE PERSOON: Ja, Gordon, wat is jou ligging nou?

TWEEDE PERSOON: Ja, Kwa Madala ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, herhaal weer, Kilo Echo 12. Kilo Echo 12, dit is Kilo Echo 8. Victor 0, Kilo Echo 8. ... (onhoorbaar)

Kilo /...

Kilo Echo 8. Victor 0, Kilo Echo 8.

DERDE PERSOON: Victor 0. Bly stuur.

TWEEDE PERSOON: Ja, kan jy net by Kilo Echo 12 hoor wat is die ... (onhoorbaar). Ek ontvang hom een uit die vyf.

DERDE PERSOON: Jy sny uit. Ek kan jou glad nie ontvang nie.

TWEEDE PERSOON: Hoor by Kilo Echo 12 wat is die boodskap wat hy vir my het. Ek ontvang hom een uit vyf.

DERDE PERSOON: Roger, staan by. Kilo Echo 12, Victor 0.

EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0. Ek wil net by hom hoor of hulle nog lank gaan besig wees daar anderkant.

DERDE PERSOON: Ja, Roger, so ontvang. Kilo Echo 8, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, Victor 0, dit is onbekend. As hy by die eenheid vir my kan vasstaan. Ek sal hom daar kry.

DERDE PERSOON: Ja, Roger. Kilo Echo 12, Victor 0.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar), dankie.

DERDE PERSOON: Ja, Roger, as jy so ontvang het, druk net die knoppie twee keer.

---oOo---

18:10 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, dit is Kilo Echo 8.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, wie moet twee keer knoppie druk?

TWEEDE PERSOON: Ja, Kilo Echo 12, ek ontvang hom baie swak ook.

EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, lyk my hy het ontvang.

EERSTE PERSOON: Roger, dankie.

---oOo---

(Kanaal 1, oproep word gemaak)

18:10 KPL. BOTHA: ... (onhoorbaar), goeiemôre, goeienaand.

EERSTE PERSOON: Goeienaand. Wie praat nou?

KPL. BOTHA: Korporaal Botha.

EERSTE PERSOON: Korporaal Botha, sê my nou, is daar enige offisier daar naby jou?

KPL. BOTHA: Nee, ek dink ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Okay, luister. Het jy mense by Kwa Masiza?

KPL. BOTHA: Nee, ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Is dit? Hulle moet net oppas daar is 'n wit kombi. Ons het geen registrasienommer. Hy is vol vuurwapens, oor.

KPL. BOTHA: 'n Wit kombi?

EERSTE PERSOON: 'n Wit kombi, so E20. 'n Nie-blanke het ons gekontak, hoor.

KPL. BOTHA: Met wie praat ek nou?

EERSTE PERSOON: Jy praat nou met kaptein Kruger van 0 Alfa.

KPL. BOTHA: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Dit is reg.

KPL. BOTHA: Ons sal op die uitkyk wees daarvoor.

EERSTE PERSOON: Ja, asseblief. Hulle moet net versigtig daardie kombi nader, hoor.

KPL. BOTHA: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ons het geen, ... (onhoorbaar) insittendes. Sover hy kan aflei, soos hy sê, dit is plus-minus drie of vier, maar die kombi is vol vuurwapens, hoor.

KPL. BOTHA: Okay.

EERSTE PERSOON: Okay, dankie, hoor. Bye.

---oOo---

18:10 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, luitenant.

EERSTE PERSOON: Ilse, doen my 'n guns. Bel my vrou, sal jy? Vir haar net sê jy moet vir my en vir ... (onhoorbaar), vir die Engelsman net kos uithou ... (onhoorbaar) in 'n uur by die

huis /...

huis. Asseblief man.

TWEEDE PERSOON: Ek maak so, luitenant. Kan ek ook daar kom eet?

EERSTE PERSOON: Meer as welkom.

TWEEDE PERSOON: Vra net.

---oOo---

18:10 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Foxtrot.

EERSTE PERSOON: Stuur, AO.

TWEEDE PERSOON: 5 Kilo, 5 Foxtrot.

DERDE PERSOON: 5 Kilo gaan, adjudant.

TWEEDE PERSOON: Waar het jy daardie radiotjie van my gesit?

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar) hy nog op die Casspir se sitplek, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, dankie.

---oOo---

18:11 EERSTE PERSOON: 5 Golf, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, beweeg asseblief vir my uit na Kwa Masiza-hostel. Daar is 'n wit kombi E20 sonder nommerplate met wapens in.

TWEEDE PERSOON: Ja, Ilse, ek sit op die oomblik in Kwa Madala-hostel. Die ingang is geblok met Casspirs en Nyalas, oor. Ek kan glad nie hier uitkom nie.

EERSTE PERSOON: O, gaats! 5 Foxtrot, Victor 0. Is dit vir jou moontlik om te gaan, adjudant?

DERDE PERSOON: Ja, daar beweeg ons, Ilse. Ek is op pad, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, dit is by Kwa Masiza, oor. Vier insittende swartes.

DERDE PERSOON: Ja, is dit na die ingang van Kwa Masiza toe,

00r /...

oor? Daardie teerpad daar?

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ek dink so. Ek glo so, volgens wat hulle gesê het, by die hoofhek.

<u>DERDE PERSOON</u>: Ontvang. Watter kombi is dit?

<u>EERSTE PERSOON</u>: 'n E20.

<u>DERDE PERSOON</u>: Ek is op pad.

---oOo---

18:11 <u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Hotel, Victor 0.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Stuur, oor.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, jy sal vir ons gaan bietjie navorsing doen het in Sharpeville. Is daar toe nog 'n halssnoermoord? (Pouse)

---oOo---

18:12 <u>EERSTE PERSOON</u>: Victor 0, Victor Echo 15.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ja, staan net vir my by, Victor Echo 15.

<u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Hotel, Victor 0.

<u>DERDE PERSOON</u>: Stuur, oor.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ja, ek vra of daar toe nog 'n halssnoermoord in Sharpeville was? Die ouens sê hulle het jou uitgestuur.

<u>DERDE PERSOON</u>: Negatief, oor. Daar is nie meer een nie. Negatief. Niks meer nie, oor.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ek het hom so. Stuur, Victor Echo 15.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ilse, kan jy net vir my daardie ligging gee van daardie voertuig wat wapens dra asseblief?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ja, dit is Kwa Masiza-hostel, oor, Kwa Masiza-hostel. Staan net by. Ek, dra jy kennis waar dit is of nie?

<u>EERSTE PERSOON</u>: Nee, Roger. Ek weet waar is hy. Dit is daar by daardie, as jy nou met die dubbelpad afhardloop dan draai jy mos aan jou regterkant af Kwa Masiza toe, dan vat hy so 'n draai daar oor daardie klein spruitjie, daar waar hulle daardie

bus /...

bus geskiet het. Hoe ver is daardie taxi daar van daardie spruitjie af? Oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, hy is blykbaar by die hoofingang, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, ons is ook op pad daarnatoe, oor.

TWEEDE PERSOON: Baie dankie.

---oOo---

18:13 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is Golf Alfa 4. Victor 0, dit is Golf Alfa 4.

TWEEDE PERSOON: Victor 0. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Kan jy vir my sê waar is ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, ek kan jou, ek kan jou glad, glad nie ontvang nie.

EERSTE PERSOON: Kan jy net vir my sê waar is ... (onhoorbaar) kaptein Roos op hierdie stadium?

TWEEDE PERSOON: Ek dra nie kennis nie.

---oOo---

18:14 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Juliet 1.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, bly stuur, 'sant.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar, slegs 'n gekrap) nogal redelik diep ... (onhoorbaar)

---oOo---

18:15 EERSTE PERSOON: Oscar Echo 1, Golf Delta 4. Oscar Echo 1, Golf Delta 4.

TWEEDE PERSOON: Ja, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, ligging?

TWEEDE PERSOON: Ek sal op kantoor wees.

EERSTE PERSOON: Het so ontvang, dankie, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, met wie wil jy praat?

EERSTE PERSOON: Ja, negatief. Ek wou net gehoor het waar is julle, of ons dalk hier vir julle moet wag, maar julle is nou

blykbaar /...

blykbaar klaar weg, dankie.

TWEEDE PERSOON: Greyling, dit is luitenant Van der ... (onhoorbaar), luitenant Piet.

EERSTE PERSOON: Positief, ja.

TWEEDE PERSOON: Nee, Roger. Hy is nie hier nie. Kontak hom maar weer.

EERSTE PERSOON: So ontvang, dankie.

DERDE PERSOON: Ja, wag net so, wag net so een Michael. Ons is amper op kantoor dan kontak jy vir luitenant Cilliers.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) nie saam met julle nie? Oor.

DERDE PERSOON: Ja, maar hy ry net hier voor ons.

EERSTE PERSOON: Ek wou geweet het of ek hier vir hom moet wag en of hy klaar weg is. Dankie, oor.

---oOo---

18:16 EERSTE PERSOON: Victor 0, Chopper.

TWEEDE PERSOON: Victor 0 na enige Victor 0 voertuig naby Ou Golden Highway wat my kan uithelp met 'n klagte. Ek gaan voort. Op die Ou Golden Highway, by die afdraai Fochville staan 'n klomp swartes, 'n groep, wat die karre stook met klippe as hulle daar verbyry en dan by Skipfontein-spoorweg-stasie, de eerste grondpad regs daar staan ook 'n hele groep swartes wat klippe gooi na voertuie wat daar verbybeweeg. Kan die voertuig net vir my sê sy roepsein wat die klagte gaan bywoon?

DERDE PERSOON: Victor 0, dit is 5 Hotel 4.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 4.

DERDE PERSOON: Ek is hier by Boipatong, maar ek kan vir jou deurskiet soontoe.

TWEEDE PERSOON: Asseblief, oor.

DERDE PERSOON: Roger.

---oOo---

EERSTE PERSOON /...

<u>EERSTE PERSOON</u>: Victor 0, 5 Lima. Die "chopper" is op soek na jou.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Chopper, Victor 0. Chopper, dit is Victor 0.

---oOo---

(Kanaal 3)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Chopper, dit is Victor 0.

---oOo---

(Kanaal 2)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, ek ontvang jou, Chopper, nie op een van my kanale nie, oor.

---oOo---

18:17 <u>EERSTE PERSOON</u>: Victor 0, 19 Bravo.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Stuur, 19 Bravo.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ilse, weer daardie klagte daar by ... (onhoorbaar) by die afrit gaan bywoon.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ek gaan hom nou vir jou weer deurgee. 5 Charlie, Victor 0. 5 Charlie, 5 Charlie, Victor 0.

<u>DERDE PERSOON</u>: 5 Charlie. Stuur.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Luitenant, luitenant se vrou is glad nie by die huis nie. Ek het lank die foon laat lui.

<u>DERDE PERSOON</u>: ... (onhoorbaar). Dit is 'n fout. Dan moet ek maar ... (onhoorbaar) uitsteek, jong.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Is daar dalk 'n plek waar sy sou wees waar ek haar daar kan skakel?

<u>DERDE PERSOON</u>: Negatief. By die buurvrou miskien, maar hulle het nie, ek dink nie, ek weet nie wat die nommer is nie. Dankie, man. Nee, dit is "all right", Ilse.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Wie is julle bure?

---oOo---

<u>EERSTE PERSOON</u> /...

18:18 EERSTE PERSOON: 19 Bravo, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, kan jy vir my 'n klagte doen asseblief.

TWEEDE PERSOON: Wat se klagte?

EERSTE PERSOON: Ja, wat is jou twee, ses nou?

TWEEDE PERSOON: Ons is hier in gebied 7. Ons is op pad na daardie klipgooiery daar by Fochville-afrit.

EERSTE PERSOON: Roger. Is daar enige ander voertuig naby jou wat naby Skikfontein-spoorwegstasie kan gaan?

TWEEDE PERSOON: Negatief, ek dra nie kennis nie.

EERSTE PERSOON: Roger. 5 Hotel 4, Victor 0.

DERDE PERSOON: Bly stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, dra jy kennis waar Skipfontein-spoorweg-stasie is?

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar) Klipfontein, oor, Klipfontein.

EERSTE PERSOON: Ja, positief.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar). Staan net gou 'n oomblikkie by asseblief. (Pouse) Victor 0, jy kan maar voortgaan met 'n twee, ses van daardie Klipfontein, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, as jy Skipfontein, die eerste grondpad regs net na die spoorwegstasie, is daar 'n groep swartes wat klipgooi na voertuie.

---oOo---

18:19 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Bravo.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 19 Bravo.

EERSTE PERSOON: Sal daardie klomp, sal daardie klomp swartes wees op die Ou Golden Highway?

TWEEDE PERSOON: Bevestigend, die Fochville-afdraai.

EERSTE PERSOON: Ek sal binne 10 "mikes" daar wees vir jou.

TWEEDE PERSOON: Roger. Ek sê vir jou baie dankie.

---oOo---

18:20 /...

18:20 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 4.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 4.

EERSTE PERSOON: Roger. ... (onhoorbaar). Jy het bietjie uitgesny, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, dra jy kennis waar die Klipfontein-spoorwegstasie is?

EERSTE PERSOON: Dit sal negatief wees, oor. Jy kan maar voortgaan met die twee, ses van daardie Klipfontein, oor.

TWEEDE PERSOON: Staan by.

---oOo---

18:21 EERSTE PERSOON: Victor, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 19 Charlie.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Ek staan nog af by hierdie, hierdie halssnoermoord hier by die biersaal in gebied 7. Kan jy net vir my uitvind hoe ver is daardie lykswa asseblief?

TWEEDE PERSOON: Ja, 19 Charlie, staan net by. Ek sal net gou-gou vir jou uitvind.

---oOo---

18:21 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 4.

TWEEDE PERSOON: Ja, 5 Hotel 4, staan net by.

EERSTE PERSOON: Roger. (Pouse)

18:22 TWEEDE PERSOON: 5 Hotel 4, Victor 0 berig.

EERSTE PERSOON: Bly stuur, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger. As jy op die deurpad klim van Vereeniging se kant af, van Vereeniging kant af op die deurpad dan kry jy Sebokeng/Vanderbijlpark-afraai, Sebokeng/Vanderbijl-park-afdraai.

EERSTE PERSOON: Ek het dit so ver.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger. Moet ek voortgaan?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) voortgaan, oor.

18:23 TWEEDE PERSOON: Ja, Roger. Dan gaan jy reguit aan daar by daardie Sebokeng/Vanderbijl-pad, nè. Dan kry jy Sonlandpark-afdraai, die Sonlandpark-afdraai. Omtrent so 500 tot 'n kilometer na daardie afdraai gaan jy 'n af, grondpad kry. Jy draai daar regs, draai daar regs. Dan klim jy op die grondpad, jy sal daar, gaan jy reguit aan dan sal jy die stasie kry daar.

EERSTE PERSOON: Roger. Ons gaan op die De Deur-pad uit ... (onhoorbaar) Vanderbijl ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, ek ontvang jou glad nie. Sê weer.

EERSTE PERSOON: Roger, ek herhaal. Ons gaan op die De Deur-pad uit, op die De Deur-pad uit. Dan gaan draai ons by die Vanderbijl/Sebokeng-kruising ... (onhoorbaar) 500 na 'n kilometer, 500 meter na 'n kilometer draai ons regs op 'n grondpad. Is dit bevestigend? Oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is bevestigend. Ek sê net weer, jy ry op die De Deur-pad van Vereeniging af, van Vereeniging af, oor. Dan kry jy Sebokeng/Vanderbijlpark-afdraai. Dan gaan jy reguit met hom. Dan kom jy by die Sonlandpark-afdraai. 500 meter tot 'n kilometer anderkant dit gaan jy 'n grondpad regs kry. Jy gaan op daardie grondpad, jy sal by die stasie uitkom.

EERSTE PERSOON: Victor 0, jy sny heeltemal uit, oor. Ek verander my ligging dan kontak ek jou terug, oor.

---oOo---

18:24 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Lima 5.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur.

DERDE PERSOON: Kan ek vir jou uitslag met hierdie Kwa Masiza-hostel taxi wapen ding?

EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Lima 5.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Lima 5.

EERSTE PERSOON: Ja, sê net vir vrouekonstabel Mynhardt die

kolonel /...

kolonel roep haar hier by die lapa asseblief.

TWEEDE PERSOON: Roger, ek sal so oordra aan haar.

---oOo---

18:24 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Golf.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Golf.

EERSTE PERSOON: Ek gee vir jou uitslag van hierdie klagte Kwa Masiza-hostel. Ons was hier by die hek. Ons het die hele plek hier platgery. Hier is geen taxi of wat, E20 met wapens nie, oor. Ons kan egter niks vind nie. Ons het reg rondom die plek gery. Hier gaan niks aan van die aard nie, oor.

TWEEDE PERSOON: Ek sê vr jou baie dankie, 'sant Bas.

---oOo---

18:25 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Victor 0. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, het jy al vir my uitslag van daardie lykswa? Oor.

TWEEDE PERSOON: Staan net vas. Ja, 19 Charlie, Victor 0.

EERSTE PERSOON: 19 Charlie. Stuur.

TWEEDE PERSOON: Ja, wat is jou twee, ses nou?

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Ons staan nog vas hier by hierdie biersaal hier in Sebokeng, hier by die halssnoermoord.

TWEEDE PERSOON: Roger.

---oOo---

(Kanaal 1, telefoon lui)

18:26 SKTR. KRUGER: Stabiliseringseenheid, skutter Kruger, goeie-naand.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SKTR. KRUGER: Ja, ... (onhoorbaar) dame.

EERSTE PERSOON: Is dit?

SKTR. KRUGER: Ja.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SKTR. KRUGER: Wie is dit wat praat?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SKTR. KRUGER: Julie?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SKTR. KRUGER: Ek sal vir haar so sê, hoor.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SKTR. KRUGER: Okay, Bye-bye.

---oOo---

(Kanaal 2)

18:27 EERSTE PERSOON: Sê vir Annette die kolonel sê sy moet bietjie spoed vang.

---oOo---

18:27 EERSTE PERSOON: 19 Charlie, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 19 Charlie. Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, ek het Sebokeng gekontak en hulle het vir my gesê ja, hulle wag nog vir hulle voertuig om in te kom, dan sal hulle uitstuur na julle toe.

TWEEDE PERSOON: Ja, blykbaar was daardie voertuig nou-nou in Sharpeville, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, bevestigend. Hulle wag net dat hulle terugkom Sebokeng toe, dan sal hulle uitkom na julle toe.

TWEEDE PERSOON: Roger, dankie.

---oOo---

(Kanaal 4, telefoon lui)

18:28 EERSTE PERSOON: Stabiliseringseenheid, ... (onhoorbaar), goeienaand.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Kaptein.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) kolonel Schutte.

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.